Posbus 82456
Doornpoort
Pretoria, 0017

Tel: +27 (0) 12 547 6838
Faks: +27 (0) 86 524 9564
Sel: +27 (0) 83 514 8554

JENNIFER ZAMUDIO : ALGEMENE PERSVERKLARING : 2020

Jennifer Zamudio het in die jaar 2000 haar debuut in die Afrikaanse musiekbedryf gemaak as "Die singende pers sensasie". Sy is so deur die media gedoop oor haar pers haar kleur en pers uitrustings. Ja, sy het beslis toe reeds haar merk gemaak. Met haar lae alt stemregister en natuurlike Weskus humor het sy vinnig harte gesteel en sy doen dit steeds. Na reeds **20 jaar** in die Afrikaanse Musiekbedryf geniet **Jennifer Zamudio** nogsteeds 'n suksesvolle loopbaan, waarop sy baie trots is. Sy is sinoniem met styl, harde werk, sukses en energie.

Op die verhoog is Jennifer 'n onbeskryflike bondel energie en met haar natuurlike aanvoeling vir vermaak kry sy vinnig 'n gehoor in die palm van haar hand. Haar spontane "weskus-humor" en gemak laat menige konsertganger skater van plesier terwyl hulle maar net nie kan stil sit in een van haar vertonings nie. Jennifer het haarself goed in die musiekbedryf gevestig as sanger, liedjieskrywer en Compére (MC), en net soos wat sy daarvan hou om musiek met lekker woema te sing, is sy self gaande oor haar ernstige emosionele ballades, wat altyd haar kenmerkende alt stem tot sy volle reg laat kom. Jennifer is "verlief op die lewe" en dit word beklemtoon in alles wat sy doen en aanpak. Haar energie is verseker aanvoelbaar en aansteeklik.

Alhoewel heelwat mense al gedink het haar vreemde Spaanse van (foneties: ZA-MOE-DIE-HOU), is 'n verhoognaam, is dit haar eie en sy is trots op haar Afrikaanse herkoms, al het dit nou iewers 'n tikkie Spaanse bloed in. Jennifer het in die Kaapse Weskus grootgeword maar woon reeds 30 jaar in Pretoria. Sy het alreeds **twaalf** vollengte solo albums op haar kerfstok, en is bekend vir haar treffers, ***Hart se loper*, *Hoor Hoor*, *Walvisbaai, Die lewe is 'n liedjie, Ek sal berge klim vir jou***, ***Hart en Siel***, ***Sê dit harder***, ***Ongelooflik*** en ***Altyd myne***.

Loopbaan hoogtepunte (om net 'n paar uit te sonder):

★ Nadat sy by die KKNK in 2000 deur die alombekende Musiekpromoter, Lydia Winchester, ontdek is, reik sy onder die vaandel van Ster Musiek, haar debuut album, ***Leef***, uit. Daarna volg die cd's ***Jy is die een*** asook ***Ek het jou gevind***, albei ook onder Ster Musiek.

★ Jennifer het haarself toe reeds stewig gevestig in die musiekbedryf en nog **nege** suksesvolle albums volg: ***Hoor Hoor, Hart se loper, Die lewe is 'n liedjie, Hiers my hart, 'n Dekade van Musiek***. Vir haar cd ***Hart en Siel*** (2013) het sy die meester sanger-liedjieskrywer, **Rudi Claase** genader om vir haar 'n lied te skryf. ***Hart en Siel*** was op menige trefferparades op die no.1 posisie en het ook vir 22 weke aaneenlopend by een spesifieke stasie geboer op die no.1 plek. Die lied was ook op vier verskillende stasies gelyktig op die no.1 posisie.

★ Vroeg in **2015** het sy hande gevat met Jewel Entertainment in samewerking met Universal Musiek (SA) en het haar 10de album, ***15 Jaar Spesiale Uitgawe***, uitgereik. Rudi Claase het weereens 'n treffer geskryf vir die cd, ***Sê dit harder***, en neem ook 'n duet met Jennifer op van die lied "Hart en Siel". Die enkelsnit ***Sê dit harder*** het ook by verskeie gemeenskapsradiostasies die no.1 posisie behaal.

★ In **2016** pak Jennifer 'n spesiale projek aan saam met **Allen McKendree** van PGI Global Inc in **Nashville VSA** en reik sy weer as onafhanklike kunstenaar, haar 11de CD, ***Ongelooflik*** uit wat reeds voor vrystelling deur radiostasies bestempel was as "*verseker iets om na uit te sien*". Die cd het die musiekbedryf laat regop sit en het die resensente gaande gehad. Huisgenoot bekroon die cd met 'n vier ster resensie, wat selde toegeken word, en mens het toe geweet hierdie cd is 'n wenner. Jennifer kry ook met hierdie projek haar eerste registrasie as liedjieskrywer by ASCAP – die VSA se weergawe van ons SAMRO.

★ In **April 2017** word Jennifer se harde werk beloon en word sy vereer met twee gesogde **Ghoema Musiektoekennings** in die kategorieë **"Beste Country Album"** vir haar album ***Ongelooflik*** en **"Publiek se Gunsteling Vroulike Kunstenaar"** wat toegeken is na aanleiding van die publiek se stemme wat ontvang is.

★ **2017** was vir Jennifer 'n belonende jaar en sy ontvang ook verskeie ander toekennings vir haar cd ***Ongelooflik***, onder andere vanaf 90.6FM en Overvaal Stereo (Vroulike Kunstenaar van die Jaar).

★ Vroeg in **2018** skop Jennifer af en toer deur Suid-Afrika met haar vertoning **#HARTverwant**, wat menige konsertganger laat met 'n lied in die hart. Die vertoning se uniekheid lê vasgevang in 'n opgewekte program wat slegs liedjies bevat met die woord **hart** in, en dit alles uit Jennifer se eie repertoire.

★ In Junie **2018** reik sy haar 12de album ***Goud is my woorde*** uit. Hierdie album sluit liedjies in uit haar eie pen sowel as die van **Rudi Claase**, **Stefan Visagie**, **Tertius Pretorius**, **Marno van der Merwe** en **Juandré Marais**. Bo en behalwe die twaalf oorspronklike snitte op die album, waag sy haar stem aan Anneli van Rooyen se "Ek glo" en Niel Diamond se "I am I said" wat enorme positiewe reaksie uitlok by die publiek en media. Die album roer vanaf uitreiking verskeie trefferparades met die eerste enkelsnit vrystelling "Altyd myne". In Augustus word die musiekvideo van "Altyd myne" bekendgestel en die publiek hoor haar gereeld op radiostasies regoor Suid Afrika.

★ In Februarie **2019** word Jennifer **benoem** vir ‘n **Ghoema Musiektoekenning** vir haar album ***Goud is my woorde*** in die kategorie **“Beste Kontemporêre Album deur ‘n Vroulike Kunstenaar”** asook vir **“Publiek se Gunsteling Vroulike Kunstenaar”**. Sy stap in April 2019 weer weg met die **Ghoema Musiektoekenning** vir **“Publiek se Gunsteling Vroulike Kunstenaar”**. In **2019** toer sy deur Suid Afrika & Namibia met haar vertonings **MEERASLIEFDE** en **IN KONSERT**, wat sorg vir uitverkoopte venues.

★ In Februarie **2020** vat Jennifer die pad met haar **TOP20TOER** vertoning ter viering van haar **20 Jaar** in die **Afrikaanse Musiekbedryf**.

LIEFDADIGHEID 2018 / 2019 / 2020

Jennifer word aangewys as **Ambassadeur** vir **Tekkie Tax**. – www.tekkietax.co.za

In 2019 stel sy die fondsinsamelingsprojek, die **JAMBLIK PROJEK** bekend en beoog om saam met Tekkie Tax teen November 2020 R1 miljoen in te samel vir Tekkie Tax. DSTV & ander rolspelers raak ook spoedig hierby betrokke. **Hierdie projek is die enigste en die grootste van sy soort asook ‘n eerste vir ‘n Suid-Afrikaanse kunstenaar!**

Jennifer Zamudio het haarself al goed in die vermaaklikheidsbedryf gevestig as Sangeres, Liedjieskrywer, Compére (MC) en Televisie-Veldaanbieder, en sy word beskou as een van ons land se voorste Afrikaanse vermaaklikheidssterre.

Opgestel deur Rindi Maritz (Bestuurder & PR vir Jennifer Zamudio)